

VANUIT DIE KANTOOR / FROM THE OFFICE



Cairns-projek dui die rigting aan: Nuwe nasionale ramprogram vir kommunale wolboere in die vooruitsig

'n Aantal wolboere het op 29 Oktober vanjaar agt Merinoramme uit Phila Njobe se kudde ontvang. Die oorhandiging het by die Nkululeko-skeerskuur naby Cofimvaba plaasgevind. Dit is die eerste oorhandiging van ramme uit die Cairns-ramtelingsprojek, en gee nuwe momentum aan 'n ramprogram wat die gesig van kommunale wolproduksie in Suid-Afrika kan verander.

Lees meer.

Cairns-project points the way: New national ram programme on the cards for communal wool growers

On 29 October this year, wool growers at the Nkululeko shearing shed near Cofimvaba received eight Merino rams bred in Phila Njobe's flock. This marks the first handover of rams from the Cairns Ram Breeding Project and could spark a growing ram programme that will change the face of communal wool production in South Africa.

Read more.


PLAASLIKE NUUS / LOCAL NEWS




Opleiding vir goeie skaaphantering

Jacques en Eben du Plessis het hul plaas, Maccassarfontein, by Middelburg in die Oos-Kaap, beskikbaar gestel vir 'n veehanteringskursus. NWKV-produksie-adviseur, Juan Venter, in samewerking met Giepie Calldo van BKB, het die teoretiese aspekte behandel, waarna hulle na die kraal beweeg het vir 'n praktiese demonstrasie. Ongeveer 30 plaasarbeiders het baat gevind by gesprekke oor veehantering, dieregesondheid en hoe 365 dae op 'n skaapplaas verloop.

Dankie aan Corné Nel van BKB vir sy praatjie oor skaapsielkunde.

Veehanteringskursus vir plaasarbeiders

Annelize Smit van Niekerk het op 12 Oktober vanjaar 'n veehanteringskursus by Lizelle Honiball, vise-voorsitter van die NWKV KwaZulu-Natal, in die Bergville-omgewing aangebied. Bykans 20 plaasarbeiders en drie kommunale produsente het die opleiding bygewoon.

Basiese dieregesondheid en veehantering is behandel en die kursusgangers het geleentheid gekry om die diere fisies te hanteer. Simon Adams van Zoetis het gereed gestaan om vrae oor dieregesondheid te beantwoord en het Frikkie Aucamp van OVK bygestaan met 'n demonstrasie oor die hantering van vee. Probleme wat met wolbesoedeling verband hou, is ook bespreek.








Verkenningstogte vir NWKV produksie-adviseurs

NWKV kommersiële produksie-adviseurs het gedurende die eerste week van Oktober in Bloemfontein bymekaargekom om hulle te vereenselwig met tegnieke wat met veldverbetering gepaard gaan.

Arnold Griesel, 'n Merino-produsent van Springfontein, is al vir meer as 20 jaar besig om, in samewerking met die Departement van Landbou in die Vrystaat, na die herstel van veldekologie en drakrag te kyk. Die departement se dr Mias van der Westhuizen en Gerrie van der Walt, 'n afgetrede voorligter, het die projekbesonderhede meegedeel.


Die volgende byeenkoms was saam met die Landbounavorsingsraad (LNR). Dr Igshaan Samuels en dr Gilbert Pule, wie die langtermyn veldmoniteringsprojek op nasionale vlak hanteer, het verduidelik watter tegnieke gebruik word om die resultate te genereer. 'n Praktiese assessering is op die plaas van NWKV Vrystaat vise-voorsitter, Anton Marx, gedoen en 'n kort verslag oor die betrokke waarnemings is saamgestel.





Konsepregulasies oor die identifikasie van diere



STAATSKOERANT, 6 OKTOBER 2026
GOVERNMENT NOTICES • GOEWERMENTSKENNISGEWINGS
DEPARTMENT OF AGRICULTURE
ANIMAL IMPROVEMENT ACT, 1998 (ACT NO. 62 OF 1998)
REGULATIONS RELATING TO IDENTIFICATION OF ANIMALS

KONSEPREGULASIES OOR DIE IDENTIFIKASIE VAN DIERE

Mnr Dan Kriek, Hoofbestuurder van die NWKV, gee die volgende insig oor die konsepregulasies wat die Dept. van Landbou verlede week in die Staatskoerant gepubliseer het, en wat nou vir 'n tydperk van 90 dae vir openbare kommentaar oop is.

Hierdie konsepregulasies stem in vorm ooreen met die vorige konsepregulasies wat in die Staatskoerant gepubliseer is, maar wat ná teenkanting vanuit die bedryf teruggetrek is. Die NWKV bly van mening dat die publikasie van hierdie regulasies ingevolge die Wet op Diereverbetering regtens gebrekkig is. Gevolglik sal die NWKV die konsepregulasies in hul geheel teenstaan.

Ons sal lede op hoogte hou van die uitkoms van hierdie aangeleentheid.


STAATSKOERANT, 6 OKTOBER 2026
GOVERNMENT NOTICES • GOEWERMENTSKENNISGEWINGS
DEPARTMENT OF AGRICULTURE
ANIMAL IMPROVEMENT ACT, 1998 (ACT NO. 62 OF 1998)
REGULATIONS RELATING TO IDENTIFICATION OF ANIMALS

PROPOSED REGULATIONS ON THE IDENTIFICATION OF ANIMALS

Mr. Dan Kriek, General Manager of the NWGA, provides insight to the gazetted draft regulations that the Dept. of Agriculture published last week, which is now open for a 90-day comment period.

These draft regulations are similar in form to the previous draft regulations gazetted, which were withdrawn after opposition from the industry. The NWGA remains of the view that the gazetting of these regulations under the Animal Improvement Act, is legally flawed. As such we will be opposing these draft regulations in their entirety.

We will keep members informed as to the outcome.




Eastern Cape Department of Agriculture's strategic planning session

The NWGA recently participated in a strategic session with the Eastern Cape Department of Agriculture. Dan Kriek of the NWGA presented four areas in which the organisation is already mobilising investment and invited further partnerships:


- Genetic improvement of the communal wool flock.
- Sustainability and climate resilience.
- Agricultural education.
- Blended finance for shearing sheds.



Chris Hani Wool Growers' visit NWGA

The NWGA recently had the pleasure of receiving members of the Chris Hani Wool Growers' Association at the NWGA head office in Gqberha.







NWKV Skeerinstrukteurs presteer by plaaslike skeerkompetisie

Die Prins Albert-skeerkampioenskap wat gedurende die dorp se landbouskou plaasgevind het, het 52 deelnemers in die ope-, junior-, en intermediêre skeerkategorieë opgelewer. Daar was ook 'n beginners- en ope wolhanteringsafdeling.

Die NWKV is baie trots op sy skeerinstrukteurs. Lungani Maqakalana het die ope wolhanteringskompetisie gewen en Kamohelo Elias Motsieloa is aangewys as die beste gehalte skeerder op die dag. Hulle deelname en vaardighede het nie net oor kompetisie gegaan nie – hulle kon ook hulle kennis en ervaring aan potensiële skeerders oordra en wys hoe belangrik gehalte tydens die skeerproses is.

Dankie aan Martin Koorts wat die kompetisie gereël het en Joseph Steyn, bestuurslid van die NWKV Wes-Kaap, wat die skape voorsien het. Dankie ook aan die beoordelaars wat uitvoering aan hul beslissings moes gee.





INTERNASIONALE NUUS / INTERNATIONAL NEWS

UK: Bluetongue - Latest situation

There have been 3 472 cases of bluetongue serotype 3 (BTV-3) or unspecified serotype in the United Kingdom (UK) during the 2026 to 2027 bluetongue season. A case is defined as a premises on which bluetongue has been confirmed, based on risk and following laboratory or clinical diagnosis. This includes:

- 2 917 cases in England.
- 500 cases in Wales.
- 55 cases in Scotland.

There are currently 46 potential cases of bluetongue under investigation in Great Britain. These are premises where suspicious clinical signs have been reported, and the keeper has either chosen not to take samples or has not yet received the test results.

Read more.

Albania loses sheep and goat pox-free status


Albania notified the World Organisation for Animal Health (WOAH) on 23 September 2026 of an outbreak of sheep pox and goat pox (SPGP) in a mixed herd of sheep and goats through the World Animal Health Information System (WAHIS). As a result, Albania has lost its SPGP-free status.

Imports of untreated wool and hair are permitted from any third country. However, imports from Albania of untreated wool and hair of ovine and caprine animals have been suspended since June 2025 under safeguard measures. These measures were introduced following an outbreak of peste des petits ruminants (PPR) in Albania.

Read more.

IWTO releases bi-annual compilation of the global wool market statistics

Click on the cover to read the report.




DIEREGESONDHEID / ANIMAL HEALTH

Pay attention to orf in your flocks

Some of our readers may have treated or heard of sheep or goats that have been infected with orf (*vuilbek*). The orf virus is a member of the parapoxvirus genus in the poxvirus family and infects the skin and mucosa of animals. Orf is commonly seen in sheep, goats, and especially young animals. It can lead to a serious bacterial infection if not managed properly. It can also be transmitted to people who have handled infected animals and form red or blue lesions on the fingers, hands, forearms and face. In humans it can be treated with antibiotics, but what to do if your animals are infected?

Read more.




ARTIKELS / ARTICLES

Rico se rekordvag weeg 'n nuwe toekoms



Die merkwaardige verhaal van Rico, die Merino-ram wat vir meer as 'n halfdekade stoksielalleen in die ongenaakbare Moordenaarskaroo onder uiters moeilike omstandighede oorleef het, het die harte van talle mense aangegryp. Sy verhaal gaan oor veel meer as net 'n dapper skaap met uitsonderlike uithouvermoë en 'n enorme wolvag. Dit is 'n verhaal van oorlewing, veerkragtigheid en 'n gelukkige einde, maar veral van 'n nalatenskap wat veel verder strek as Rico self.

Danksy die stigting van die Rico-beursfonds skep sy verhaal nou nuwe geleenthede en maak dit deure oop wat 'n beter toekoms vir verdienstelike jongmense kan bou. Die beursfonds is ongetwyfeld een van die groot hoogtepunte van hierdie inspirerende verhaal.

Lees meer.

Watervoorsiening op 'n ekstensiewe skaapplaas

Wat die komende reënseisoen betref, lyk die prentjie nie te rooskleurig nie. Droogte en hitte is ons voorland en dit laat 'n mens opnuut wonder oor die bestuur van waterbronne op 'n ekstensiewe skaapplaas.

Onvoldoende watervoorsiening veroorsaak dat skape spanning ervaar, wat verskeie nagevolge het. Eerstens neem die diere se voerinname af, wat 'n direkte impak op sekere belangrike reproduksiehormone het. Dit kan selfs vroeë embrio-ontwikkeling in die wiele ry. Netso kan spanning by die ooi die ontwikkeling van 'n fetus se wolfollikels benadeel.

Lees meer.





Die Noordweste en sy mense

Oom Isak Vollgraaff van Nieuwoudtville, wat baie lief is vir die natuur en diere, en 'n onfeilbare geloof in sy Skepper het, vertel anderdag vir Pierré Vlok van sy grootwordwêreld.

Hy sê dis kenmerkend van hierdie gebied dat die reënval, en daarmee saam die plantegroei, in stroke van sowat 20km verskil, byvoorbeeld die afwisseling tussen sandveld en hardeveld. Net so, sê hy, verskil hierdie mense se geaardhede en algemene manier van optrede.

Lees meer.

LEES DIE NUUTSTE UITGAWE VAN *VEEPLAAS* HIER:



READ THE LATEST EDITION OF *STOCKFARM* HERE:



INTERVIEWS / ONDERHOUDE

NWKV-Hollard vennootskap

Johan Gunter van LandbouRadio het met Dan Kriek, hoofbestuurder van die NWKV, gesels oor hulle eeufeesviering en hulle vennootskap met Hollard wat versekeringvoordele vir NWKV-lede bied.

Luister hier.

NOVEMBER CALENDAR / NOVEMBER-KALENDER

Kom ons kyk waarmee ons produksie-adviseurs in November besig gaan wees:

DATUM	PLEK	AKTIWITEIT, KURSUS, FUNKSIE OF GELEENTHEID	KONTAK PERSOON
13 November	NK - Philipstown	Jongooiklub	Dawie Botha, NK produksie-adviseur (083 679 6815)
19 November	OK - Middelburg	Jongooiklub	Juan Venter, OK produksie-adviseur (079 693 1953)
19 November	OK - Burgersdorp	Ongediertekursus	Juan Venter, OK produksie-adviseur (079 693 1953)
24 November	OK - Richmond	Veehanteringskursus	Juan Venter, OK produksie-adviseur (079 693 1953)

Let's take a look at what the communal production advisors will be up to in November:

DATE	PLACE	EVENT	PRODUCTION ADVISOR
2 to 3 November	EC - Butterworth	Wool sorting course	Khanyiso Mzayifani (073 803 9354)
2 to 13 November	EC - Mount Ayliff	Beginner machine shearer course	Luvuyo Nyamela (073 266 5453)
2 to 13 November	EC - Mount Frere	Beginner machine shearer course	Luvuyo Nyamela (073 266 5453)
5 November	EC - Peddie	Animal health course	Khanyiso Mzayifani (073 803 9354)
9 November	EC - King Williams Town	Shearing shed management	Khanyiso Mzayifani (073 803 9354)
10 November	EC - Middledrift	Wool sorting course	Khanyiso Mzayifani (073 803 9354)
11 November	EC - Ida	Shearing competition	Khanyiso Mzayifani (073 803 9354)
12 November	EC - King Williams Town	Wool sorting course	Khanyiso Mzayifani (073 803 9354)
16 and 17 November	EC - Tsolo	Shearing competition	Khanyiso Mzayifani (073 803 9354)
18 November	EC - King Williams Town	Wool sorting course	Khanyiso Mzayifani (073 803 9354)
23 November	EC - King Williams Town	Wool sorting course	Khanyiso Mzayifani (073 803 9354)
24 November	EC - Alice	Wool sorting course	Khanyiso Mzayifani (073 803 9354)
26 November	EC - Peddie	Wool sorting course	Khanyiso Mzayifani (073 803 9354)

To stay updated with the latest agricultural news, join the **Plaas Media WhatsApp channel** for daily articles and interviews.